MEDIAVERKLARING

DATUM: 16 Januarie 2023
UITGEREIK DEUR: Elmarie Prinsloo
Tel. 051-4489894/5
E-pos: elmarie@bloemskou.co.za
HOEDANIGEID: Hoof-Uitvoerende Beampte
Bloemskou

Bloemskou 2023 – 140 jaar word gevier van 27 April tot 6 Mei 2023

Bloemskou vier vanjaar 140 jaar in die skoubedryf!!

Teken dit nou reeds aan in jou kalender. Ons vier hierdie ongelooflike mylpaal, vanaf **27 April – 6 Mei 2023**. Jy gaan dit nie kan mis nie. Die tema vir Bloemskou is "**Party Time"**.

Na 'n suksesvolle 2022 Bloemskou, ten spyte van uitdagings en Covid-19 regulasies, is beplanning vir Bloemskou 2023 reeds volstoom aan die gang.
Ons gaan besoekers verras met 'n vol vermaak program, 22 landbou kampioenskappe, 'n verskeidenheid van buite uitstallers, lekker kos en kuierareas en 'n splinternuwe aanslag op ons binne-uitstallers.

Uitstalsale is in segmente verdeel wat verskillende teiken markte aanspreek, die fokus is op kwaliteit en verskeidenheid. Verrassend anders!
Uitstallers-kategorieë sluit in, eko-vriendelike oplossings, tuine, landskapsargitektuur, solar en water oplossings, hi-tec, audio, elektronies, toerusting, sellulêr en tegnologie, dekor, kombuise, badkamers, slaapkamers, meubels en kuns, buitelewe, kamp en DIY, klere, skoene, baadjies, bybehore, handsakke, hare en skoonheid, 'gaming' en van baba tot student, met ook die tradisionele fokus op heerlike kos, drinkgoed en eetgoed, koffie, gin, bier en alles wat lekker is.
As jou besigheid wil deel wees van hierdie besondere geleentheid in die Vrystaat, maak seker jy mis nie uit nie. Uitstalruimtes is nou beskikbaar. Doen gerus aansoek by www.bloemskou.co.za en voltooi die aanlyn aansoekvorm.

Ons skou uit die gemeenskap vir die gemeenskap. Deel gerus ook jou betrokkenheid en staaltjies van Bloemskou oor die afgelope 140 jaar met ons by info@bloemskou.co.za. 10 gelukkige deelnemers sal elk 'n skoukaartjie wen.

Moet dit nie misloop nie! Bloemskou 2023 – 140 jaar van skou met die beste vermaak, uitstallers, landboukampioenskappe en 'n uitstekende besigheidsgeleentheid. Maak seker jy teken dit aan in jou dagboek - **27 April – 6 Mei 2023!**
Vir meer inligting kontak 051 448 9894 of besoek www.bloemskou.co.za.